



TOULEIER

Naby Drie Susters



Beesvleis op dié hoogte smaak lekkerder

Hoofstuk 3 Deel 25

Die myn se minibussies vertrek altyd propvol want niemand wil agterbly wanneer jou lang naweek uiteindelik aanbreek nie. Hoewel die kampkos altyd topgehalte was, mis mens tog maar altyd ’n ou wit wyntjie saam met jou vis en ’n goeie Chileense rooiwijn of ’Tinto’ saam met jou biefstuk.

Daar is niks wat smaakliker is as ’n lekker lendeskyf wat van ’n bees afkom wat op hoogte geslag is nie. Juis weens die feit dat hy soveel meer rooibloedselle as wittes het. Vandag verstaan ek ook hoekom die Peruviane van die Hooglande so blas en donker voorkom. Hulle is eintlik net rooier van kleur as die gewone seevlakmens.

’n Subtile verskil wat ek opmerk met die roete, is dat daar meer eetplekke aan die opgaan kant van die pad is as met die afgaan, wanneer daar nie tyd vir eet is nie. Die afgaankant het weer tot my aanvanklike verbasing, talle karwasplekke. Baie meer as wat mens ooit in die berge sou verwag.

Die rede is eintlik baie eenvoudig. Langs die kus van Peru, is water ’n redelike skaars kommoditeit. Weens die ewige sneeu in die Andes, sal hulle nooit sterf van die dors nie, maar die meeste van die water vloei na die ander kant van Peru, na hulle deel van die Amasone toe.

Die wasplekke werk met ’n baie eenvoudige tegniek – swaartekrag. Weens die steil hellings gaan maak die manne net ’n klein opvangdammetjie so dertig, veertig meter teen die berg op en bring dit dan van daar af in ’n eenduimpyp wat met ’n kraan waaraan ’n tuinslang gekoppel is.

Die klomp wat karre kan bekostig, is baie trots daarop en sal nie met ’n modderbesmeerde motor dood gesien word in Lima nie. Later sou ek uitvind dat in teenstelling hiermee, die Arabiere aan die ander kant van die aardbol weer hulle duur en spoggerige karre met kunsmatige bruin modder besmeer om mee te pronk.

Ons ontdek ook nie die karwasritueel nie en terwyl ons bussie afgespuit en gewas word, stap van ons solank oor die pad en snuffel rond onder die snuisterye wat padsmouse uitstal in eenvoudige opslaanstalletjies. Ek koop vir kamermaatjie so ’n geweepte muurhangseltjie waarop tipiese Peruviaanse figure en diere met veelkleurige lamawol geborduur is.

By die huis ruil ons geskenke uit. Annabelle was intussen saam met ’n vriendin Machu Pichu toe. Oor n Pisco Suur of ses vertel sy my hoe onbeskryflik mooi die antieke ruïnes daar hoog in die wolke is. Soos al die ander wonders van die wêreld wat ons al besoek het, doen foto’s die plek nie gestand nie. Jy moet dit eenvoudig net met al jou sintuie kan ervaar.

Die presisie waarmee die rotsboustene inmekaar pas, laat mens beseef dat dit ’n baie gevorderde beskawing was wat die gebied bewoon het. Annabelle reken sy was baie erger getref as ander. Die eerste aand in hulle hotelletjie was sy bevrees dat haar kop gaan oopbars. Sy het vroeg gaan inkruip, maar kon nie slaap nie.

Later het sy hardop gebid dat daar net asseblief redding moes kom. Of dit nou ’n wonderwerk was, of die baie kokatee wat hulle haar laat drink het, maar net so skielik as wat die kopseer begin het, was dit weg. Met ’n huppel in haar stap het sy die volgende dag die ruïnes van hoek tot kant verken.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Belt en kruisbande

Deur JANA LUTHER

Dit is 'n uitdrukking wat my pa graag gebruik het wanneer hy dubbele voorsorg getref het dat iets gebeur of onthou word. Net so is Afrikaans met sy dubbele *nie* 'n belt-en-kruisbandetaal. Dikwels is twee nie eens genoeg nie, want hoor 'n mens nie soms: "Julle vertel my ook nooit niks nie!"?

Dit kom voor of ons 'n onbewuste, ingebore drang tot nadruklikheid het wat ons nie suinig met woorde maak nie. Ons maak seker ons word begryp. Dubbelseker.

Haar pa is skat-skatryk. Die muisie is piep-piepklein. Die beskuit is klip-kliphard. Aan die ander kant van die draad is die wêreld gras-grasgroen. Dis 'n klein tafeltjie, 'n klein blommetjie, 'n klein(-klein) mensie. Ons verklein ook sommer twee (of drie) keer. Om nie te praat van die persoon wat ek op Facebook sien skryf van "sulke klein ou mensietjies(!)" nie.

Gooi die bestanddele in 'n bak en meng dit goed (saam?). Sy wil nie inmeng nie; haar kinders moet (self?) hulle (eie?) probleme oplos, (self?) hulle (eie?) besluite neem.

Hulle het van Johannesburg (af?) tot in die Kaap gery. Wanneer kom jy weer na die klub (toe?). Pak die koekies om die rand van die pan in 'n "ronde sirkel", sê *Sarie* in haar Charlotte Russe-resep. Smul lekker (?) by Huis Uitsig se basaarfees, nooi *TygerBurger*.

In Januarie het Suid-Korea se president voorgestel dat sy land se gesamentlike militêre oefening met die VSA ter wille van die Olimpiese Winterspele "tot later (?) uitgestel word". *Landbou.com* berig verlede week dat boere by 'n depot betoog het nadat mielieaankope tydelik (?) opgeskort is omdat die skure te vol was. *Kalahari Bulletin* berig vandeeweek: "Die kluis was oop, maar egter (?) leeg."

Historiese toutologieë

Baie van hulle gebruik ons in Afrikaans onwetend, wanneer een van die dele van so 'n toutologie as selfstandige woord uitgesterf het. Voorbeelde van historiese (etimologiese) toutologieë, wat dan natuurlik nie meer swak styl is nie, is: *boepens*, *diefstal*, *morsdood*, *tortelduif*, *volstruis*, *windhond*, *winkelhoek* ...

Tortelduif bestaan uit *tortel* plus *duif*, waar *tortel*, van die Latynse woord *turtur*, reeds "duif" beteken. 'n Tortelduif is dus 'n "duifduif", nes 'n volstruis 'n "voëlvoël" is, want *vol* kom van die Nederlandse *vogel* en *struis* van die Griekse woord *strouthous* wat oorspronklik "mossie" beteken het, maar later ook na ander voëls verwys het.

Versterkte vorm

In Afrikaans gebruik ons *dood* om baie dinge te versterk. Iets kan doodgoed wees, of doodslag. 'n Mens kan jou doodlag, of jy kan jou doodhuil. Maar hoe word *dood* self meer intensief? Hy gaan soek in Latyn. In Latyn is *mors* dood. As iets dooddood is, is dit morsdood.

Pleonasmes en toutologieë kán nuttig wees, veral as 'n mens dink mense gaan jou die eerste keer nie goed begryp nie. Daarom val die verskynsel veral in die spreektaal op. Hoe informeler 'n mens praat, hoe lekkerder jy gesels, hoe meer herhaal jy. Niks fout daarmee nie.

Daarteenoor is pleonasmes in die skryftaal, en veral in professionele skryfwerk, dikwels 'n teken dat helder denke by sowel die skrywer as die subredakteur ontbreek het. Wie betaal word om inhoud te skep waarvoor lesers betaal, moet gereeld vra: Verseker ek dat doeltreffende kommunikasie plaasvind? Span ek stutte in omdat ek die seggingskrag van my woorde nie vertrou nie (en tyd my ontbreek)? Of is my taalgereedskap gewoon stomp en my denke slordig?

Duskantlander in Anderkantland



Met Bok van Blerk in Kanada

Die rubriekskrywer DAVID BIGGS op toer in Kanada.

OP reis deur Kanada kon ek kwalik glo dat ons 'n reessie beleef. Ja, daar is talle huise te koop, maar daar is oral konstruksiewerk en spanne werkers is besig om brûe te bou en die winderskade aan paaie te herstel.

Oral in die VSA en Kanada is daar winkels wat Suid-Afrikaanse goedere verkoop aan Duskantlanders wat hier sit en verlang.

Hier in Calgary kan jy ordentlike boerewors en biltong koop, sowel as Kaapse styl gepiekelde vis en koeksisters by 'n slordige winkeltjie wat nie uit sy plek sal wees op plekkies soos Noupoot of Clocolaan nie.

Ek het 'n vuil spesmaas dat Wouter se klante eintlik soontoe gaan om sy dik, Vrystaatse Afrikaanse aksent te hoor. Net soos by die huis!

Hulle kan ook aan hul Afrikaans skaaf en dit oefen en voel soos lede van 'n eksklusiewe klub.

("Heng, ma, waar het jy geleer om so snaaks te praat?")

* * *

MY skoonseun is 'n ingenieur en het homself in 'n werk bevind wat hy nie geniet het nie. Gelukkig het hy 'n passie vir musiek. Hy versamel CD's van Suid-Afrikaanse *bands*, en 'n paar jaar gelede het een van sy expat-vriende gevra waar hy so iets in die hande kan kry.

Dit was die begin van 'n posbestellingsdiens wat buite alle proporsie gegroei het. Vandag pos hy weekliks honderde CD's aan mense oraloor. Interessant genoeg is dit nie net die Suid-Afrikaners wat die musiek geniet nie, want rondom die wêreld hou mense tyd op die maat van Suid-Afrikaanse ritmes wat ons klompie in Vishoek en Rondebosch nog nooit gehoor het nie.

Ek was verras om te hoor dat Duitsland een van sy groot markte vir Afrikaanse musiek is.

Dit was nogal 'n vreemde ervaring om deur die sneeubedekte Rockies te ry met die klanke van Bok van Blerk se *So Waai die Wind* op die motor se stereostelsel. Ek dink dit wys net weer dat Duskantlanders oral kan oorleef.

* * *

KOMENDE van Suid-Afrika was ek heel verras dat ander lande net so misdaadbewus soos ons is.

Hier in Calgary hou almal vir almal senuweeagtig dop, net soos ons in Kaapstad maak. 'n Berig in die *City and Observer* het statistieke aangehaal dat die gemiddelde inwoner minstens 20 ker per dag deur 'n veiligheidskamera afgeneem word. Die voorstedelike trein, die skoolgronde, restaurante en busse is almal met sulke kameras toegerus.

Daar is mense wat kla oor hierdie ge-dophouery. Wil ons regtig elke minuut van die dag dopgehou en afgeneem word? Eintlik lyk dit of die antwoord ja is.

Amper almal wat ek hier ontmoet het, is op Facebook - wat dit vir my laat lyk of jy jou hele lewe vir openbare waarneming oopstel. Maar jy is in elk geval openbare besit, Facebook ofte nie.

Toe ek vir 'n vlug van Londen na Calgary ingeboek het, moes ek net my paspoort vir 'n paar sekondes onder 'n aftaster hou. Nie my kaartjie nie, net die paspoort.

Op een of ander manier het die rekenaar my dadelik herken, en al die besonderhede rakende my vlug, my sitplek en vertrektyd uitgedruk. Dit laat dit my wonder watter ander dinge in daardie databanke versteek is. Soos watter boeke ek in Vishoek se biblioteek uitgeneem het?

Jy druk jou Suid-Afrikaanse bankkaart in 'n lesener by een of ander plattelandse winkeltjie in die boendoe van Kanada, en hulle kan sien of daar genoeg geld in jou Vishoekse rekening is om vir jou pakkie springmielies in Kanada te betaal.

PORTUGESE

Mike en Kallie is besig met 'n braai by Kallie se huis en gesels met 'n dop in die hand. Mike vra vir Kallie:
"Is Portugal ver?"

Kallie se nee, hy glo nie, want daar was Portugese kinders saam met hom op skool en hulle het almal met fietse gery!

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



SIMPEL VRAAG!

Karel en Susan het saam 30 jaar lank met mekaar uitgegaan.

Hy het haar kerk toe geneem, waarna sy vir hom middagete gegee het.

Hulle het saam gestap en saam TV gekyk.

Op 'n dag besluit Susan om ernstig met hom oor hul verhouding te praat.

Susan: "Karel, dink jy nie dis tyd dat ons oor die huwelik moet gesels nie?"

Karel: "Is jy simpel? Wie sal op ons ouderdom in ons belang stel?"

PROKUREUR SE SEUN WEN

Die boer het drie kinders betrap wat appels uit sy boord steel.

Hy het gesê hy sal hulle nie vervolg nie, maar daar dan moet hulle hul diefstal aan hul ouers gaan beken.

Later het hy hulle besoek om te hoor of hulle dit gedoen het.

"Wat het jou pa gesê toe jy hom vertel dat jy gesteel het?" vra hy vir Kosie.

"My pa is 'n dominee en het gesê God sal my straf as ek weer steel."

Die boer het dieselfde vraag aan Bennie gevra.

"My pa is 'n dokter," het hy geantwoord.

"Hy het my gewaarsku dat ek 'n been kan breek as ek in bome klim."

Toe gaan die boer na die derde seun se huis en herhaal sy vraag.

"My pa is 'n prokureur. Hy sê hy gaan jou van openbare aanspreeklikheid aankla omdat ek my goeie broek geskeur het aan 'n gevaarlike tak in jou boom."

WEES DANKBAAR

Spieëls lieg nie vir jou nie.

Hulle lag darem ook nie vir jou nie.

BANG MOEDER

Die seun het sy ma vir die eerste keer in weke gebel en gevra hoe dit gaan.

"Dit gaan nie goed nie," antwoord die moeder. "Ek is baie swak."

Seun: "Hoekom is ma so swak?"

Ma: "Want ek het 44 dae laas iets geëet."

Seun: "Dis vreeslik! Hoekom eet ma dan nie?"

Ma: "Want ek is bang my mond is vol kos wanneer jy bel."

MARATHON

Ek is gevra om 'n marathon te hardloop.

"Daar is nie 'n manier nie!" sê ek.

"Asseblief," sê hulle toe. "Jy sal goed voel. Onthou, dit is vir blinde en gebrekklike kindertjies!"

"Hel," dink ek toe, "hierdie een kan ek mos wen!"

HÄGAR deur Dik Browne



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Die prinses wat nee gesê het

Die vlieënier het die pragtige prinses gevra om met hom te trou.

"Nee!" het die prinses gesê.

Daarna het die vlieënier tot in lengte van dae geleef en sy lewe geniet.

Hy het oor die wêreld heen gevlieg, vinnige karre gery, langbeen-vlugkelnerinne gejaag, vis gevang en in bostuklose kroëë uitgehang en meisies wat die helfte jonger as hy was uitgeneem.

Hy het duur Duitse bier en Red Heart rum gedrink sonder om ooit na 'n gekerm te luister.

Hy het nooit onderhoud vir kinders betaal nie, sy huis behou en koue pizza-oorblyfsels, tjips en boontjies geëet en met oorgawe gepoep wanneer hy lus was en hy is nooit deur 'n vrou verneuk nie.

Sy vriende en familie het hom bewonder en beny. Hy het baie geld in die bank gehad en die toiletsitplek afgeslaan gehou.

Mans leer mos nooit nie!

'n Man en 'n vrou is in 'n motorongeluk betrokke.

Nadat hulle uit hul karre geklim het, sê sy:

"So? Jy's 'n man. Interessant. Ek is 'n vrou. Sjoe, kyk na ons karre - daar is niks van hulle oor nie!

"Maar gelukkig is ons nie beseer nie. Dit moet 'n teken van Bo wees dat ons moes ontmopet en vriende moet wees en vir die res van ons dae saam in vrede moet lewe."

Die man het volmondig saamgestem: Dit moet 'n teken van Bo wees.

Die vrou gaan voort: "Kyk, hier is nog 'n wonderwerk! My kar is 'n wrak, maar hierdie bottel wyn makeer niks! Ek dink die Liewe Heer wil hê ons moet van die wyn drink en ons goeie geluk vier!"

Die man het weer saamgestem, die bottel oopgemaak, 'n sluk gevat en dit vir die vrou aangegee.

Sy het die bottel geneem en die kurk teruggesit en weer aan die man gegee.

"Gaan jy nie van die wyn drink nie?" het hy gevra.

"Nee," het sy gesê. "Ek dink ek sal maar vir die polisie wag."

Blikskottel! En Adam het van die appel geëet!

Mans sal nooit leer nie!

Raad vir 'n goeie huwelik

-- Die probleme in 'n huwelik ontstaan dikwels wanneer 'n man so besig is om sy sout te verdien dat hy van sy suikerbekkie vergeet.

-- Wanneer 'n man en 'n vrou trou, word hulle een. Die probleme begin wanneer hulle begin stry watter een.

-- As 'n man sy vrou soos 'n opreggeteelde perd behandel, sal sy nooit 'n ou koei word nie.

-- Baie meisies verkies 'n militêre man - hy kan kook, naaldwerk doen, beddens opmaak en hy is gesond en gewoon daaraan om bevele uit te voer.



Die nadeel van jonger lyk

Die 54-jarige vrou het 'n hartaanval gekry en is hospitaal toe gebring. Op die operasietafel het sy 'n ondervinding gehad waarin sy God gesien het.

"Is dit tyd vir my om te sterf?" het sy gevra.

"Nee," het God gesê. "Jy gaan nog 43 jaar, 2 maande en 8 dae lank leef."

Ná die operasie het die vrou besluit om die beste van die saak te maak aangesien sy nog 'n lang leeftyd gaan hê. Sy het in die hospitaal gebly en 'n verjongingskuur ondergaan.

Haar plooië is uitgestryk, sy het liposuiging en borsinplantings ondergaan en haar maagvelle is verwyder.

Haar haarkleur is verander en sy het selfs haar tande laat witter maak.

Op pad huis toe het sy 'n straat oorgesteek en is sy deur 'n ambulans doodgery.

Toe sy aan die ander kant kom, het sy geëis dat God moet verduidelik.

"Ek dog ek het nog 43 jaar om te leef. Hoekom het jy my nie voor die ambulans weggeruk nie?!"

"Ja, maar ek het jou glad nie herken nie," was God se antwoord

WAAR BIBBER JY DIE ERGSTE?

Vostok-stasie in Antarktika is een van die koudste plekke op aarde. Die laagste gedokumenteerde temperatuur van $-89.2\text{ }^{\circ}\text{C}$ is hier aangeteken.

Antarktika is ook die wêreld se wonderigste plek en kry haas geen reënval nie, wat dit tegnies gesproke 'n woestyn maak.

Oimiakon (Rusland) is die koudste bewoonde plek met 'n laagste temperatuur van $-71.2\text{ }^{\circ}\text{C}$. Die dorpie se bevolking is ongeveer 500. Die lewe gaan normaalweg voort en skole word eers gesluit as die termometer onder $-52\text{ }^{\circ}\text{C}$ daal.

Tergende vrae

Hoekom druk ons die afstandbeheer harder wanneer ons weet sy batterye is pap?

Hoekom glo mense jou as jy sê daar is vier miljard sterre, maar voel hulle altyd of die verf regtig nat is?

Hoekom het Tarzan nie 'n baard nie?

Leef getroudes langer as ongetroudes, of lyk dit net so?

Wyshede oor die swakker geslag

Huwelike is in die hemel gemaak - net soos bliksemstrale en donderweer.

Daar is net een manier om 'n vrou van mening te laat verander: Stem met haar saam.

Vroue hou van stil mans. Hulle dink hulle luister.

Elke meisie moet gebruik wat Moeder Natuur aan haar gegee het, voordat Vader Tyd dit wegneem.

'n Pessimis is 'n man wat dink alle vroue is sleg. 'n Optimis is een wat hoop hulle is.

Vroue is vir my soos olifante. Ek hou daarvan om na hulle te kyk, maar ek wil nie een besit nie. - W.C. Fields

Vroue regeer regtig die wêreld - hulle weet dit nog net nie. As hulle dit die dag uitvind, gaan ons in groot moeilikheid wees.

KAMEELPERD EN MUIS

'n Kameelperd gesels met 'n muis.

"Dis té héérlik om so 'n lang nek te hê! Met etes kan ek elke happie al die pad in my nek af tot in my maag geniet. In die somer is dit só verfrissend om ietsie koud te drink - die koel vog verkwik my hele lyf terwyl dit in my keel afvloei."

Die muis vra: "Het jy al ooit gekots?"

Dis sommer baie lekker in die Army

Liewe Ma en Pa

Dit gaan goed met my en met julle?

Sê vir boetie Wouter en boetie Koos dat om in die Army te wees baie lekkerder is as om vir Oom Piet te werk. Hulle moet sommer gou kom aansluit voordat al die plekke gevul word.

Ek was eers baie ongemaklik omdat mens in die bed moet bly tot amper sesuur, maar nou geniet ek dit om so laat te kan slaap.

Sê vir Wouter en Koos al wat mens voor ontbyt moet doen, is om jou bed netjies en glad te maak en goed blink te vryf. Nikse gevarke voer, koeie melk, mampoer meng of braaihout kappery nie. Jy doen amper niks!

Manne moet nog skeer, maar dis nie so erg nie, want daar's warm water. Brekfis is sterk op vrugtesap, pap, eiers en bacon, maar minder sterk op steaks, boerewors, tjops, aartappels en goed soos vetkoek. Maar sê vir hulle jy kan altyd tussen twee dorpsjapies wat net van koffie leef gaan sit. Hulle kos plus joune hou mens darem vol tot twaalfuur toe wanneer jy weer gevoer word.

Hierdie dorpsjapies kan nie juis ver stap nie. Ons gaan op roetemarse wat ons sal taai maak, sê die sersant. As hy so dink, is dit mos nie my plek om hom reg te help nie. 'n Roetemars is omtrent so vêr soos tot by ons posbus by die huis. Dan kry die dorpsjapies seer voete en ons almal ry dan terug in lorries.

Die veld is mooi, maar baie plat. Julle gaan julle morsdood lag as julle hiervan hoor. Ek bly medaljes kry vir skiet. Ek weet nie hoekom nie. Die bulls-eye is net so groot soos 'n dassie se kop en beweeg glad nie eers nie. En dit skiet nie eers terug soos daai blerrie Venters van die buurplaas nie. Al wat jy moet doen, is om doodstil te lê en dit raak te skiet. Jy hoef nie eers jou eie ammunisie te maak nie, dit kom in bokse.

Dan is daar wat hulle noem "hand-to-hand combat training". Jy stoei met die dorpsjapies van die stad af. Ek moet versigtig wees, want hulle kry maklik seer. Dis nie soos om met ons ou bul, Swart Duiwel, by die huis te stoei nie.

Ek is omtrent die beste wat hulle in hierdie peloeton het, behalwe vir Groot Jan Jordaan van die Bosveld. Hy het saam met my aangesluit. Maar ek is omtrent 5 voet 6 en weeg 70kg en hy is 6 voet 8 en weeg maklik 150kg, droë gewig.

Sê tog my boeties moet gou maak en aansluit voordat ander ouens uitvind van die ongelooflike Army setup en aangestorm kom!

Julle liefdevolle dogter

Ester

BAIE TROTS

'n Bejaarde man stap by 'n biegsessie in.

"Ek is 92 jaar oud, ek het 'n lieflike vrou van 70, baie kinders en kleinkinders," vertel die man. "Gister het ek twee jong kollegemeisies wat geryloop het, opgelaai. Ons is na 'n hotel, en ek het drie keer met elkeen seks gehad."

Priester: "Het jy berou oor jou sondes? Watter soort Katoliek is jy?"

Man: "Ek is Joods."

Priester: "Waarom vertel jy my hierdie dinge?"

Man: "Ek is 92 jaar oud -- ek vertel almal wat wil luister."

SEKS

Ek weet niks van seks nie, want ek was altyd getroud. -- *Zsa Zsa Gabor*.

Ek kan onthou toe die lug skoon en seks vuil was. -- *George Burns*.

'n Intellektueel is iemand wat iets ontdek het wat interessanter as seks is.

-- *Aldous Huxley*.



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se vanne:

Cronjé adelegeld19@gmail.com

My suster se daar is 'n boek oor die Cronjé-familie. Ettienne & Pierre Cronjé (Franse Hugenote wat van Kaap geland het) Weet iemand van die boek en waar dit bekombaar is.

House napoleoniv431@gmail.com

Het geen inligting van die House familie, weet net my vader was n aero mac vir RR in Engeland.

Matthee elize.matthee@vodacom.co.za

Ek soek asb die teken van die Matthee familie.

Nog vanne wat ingekom het: **Van Zyl, Stoop, Gendt, Nel**

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Sipho en Jonas

SIPHO en Jonas is albei bedelaars langs die hoofweg. Sipho ry 'n Mercedes, sy huis in Sandton is afbetaal en hy het geld om rond te strooi. Jonas maak maar R20 of R30 per dag, en vra raad.

"Kyk na jou teken," sê Sipho. "Dit sê jy het nie werk nie, 'n vrou en ses kinders wat versorg moet word. Die mense weet dit gaan nie help om jou geld te gee nie - jy sal nog werkloos wees en 'n groot gesin hê. Kyk wat staan op my bord."

Jonas lees toe wat op Sipho se bord staan:

"Ek kort nog net R10 om terug te gaan Zimbabwe toe."

Baas van die huis

'n Man wat voel hy het sy plek aan die hoof van sy huis verloor gaan koop vir hom een van daai selfhelpboeke met die titel "Die Hoof van jou Huis".

Nadat hy die boek gelees het, stap hy heel vol vertroue by die sitkamer in.

"Vrou, van nou af is ek die hoof van hierdie huis", vertel hy haar terwyl sy sit en *Egoli* kyk. "Jy gaan nou opstaan en vir ons 'n lekker maaltyd voorberei.

"Ná ete gaan jy die skottelgoed was en vir my 'n lekker warm bad intap. As ek uit die bad klim, was jy hom skoon. Ek verwag my nagklere klaar uitgesit op die bed en die bed mooi netjies skoon oorgetrek.

"Moreoggend as ek opstaan, soek ek my ontbyt gereed. En as ek klaar geeë het, weet jy wie gaan my klere aantrek en my hare vir my kam?"

Sy kyk ongeërgd op en sê, "Die mense van AVBOB?"

Onhulpvaardige man

Vrou: "Liefie, kan jy my help in die tuin?"

Man: "Lyk ek soos 'n tuinmaker?"

Vrou: "Goed. Kan jy die badkamer se deur verstel?"

Man: "Lyk ek na 'n ambagsman?"

Hy gaan loop toe 'n draai. Toe hy terugkom, is die tuin netjies en die badkamer se deur is reggemaak.

Man: "Ek het geweet my vrou kan die alles self doen.

Vrou: "Dit was nie ek nie. Dit was ons buurman."

Man: "En wat het jy hom betaal?"

Vrou: "Hy wou nie geld hê nie. Ek moes kies tussen brood en seks."

Man: "Ek hoop jy het vir hom brood gegee?"

Vrou: "Lyk ek vir jou na 'n bakker?"

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Die verraaier se vrou



"En ek het geweet wat Serfina Roux my wou vertel. Maar ek was nie gretig om dit te hoor nie."

Deur Herman Charles Bosman

Terwyl ons stadig op 'n veldpaadjie gegalop het – 'n paadjie wat ons die afgelope jaar wanneer daar Engelse magte in die omgewing was, baie gebruik het – het ons nie van die geluid van die wind gehou nie.

Klein polletjies geel gras is in vinnige vlae oor die veld aangejaag, en die rook van 'n vuur voor 'n ry hutte het laag in die lug gehang. Dit het ons laat weet dat die derde winter van die Anglo-Boereoorlog aan die kom was. Ons het aan die kant van 'n klomp kameeldorings afgeklim om ons perde te laat rus.

Ons het dadelik aan Leendert Roux gedink. Hy was vir 'n lang ruk saam met ons op kommando, en daar was al na hom verwys as 'n moontlike veldkornet in die toekoms. Maar hy het een aand uitgegaan om verkenningswerk te gaan doen, en nooit weer teruggekeer nie.

Daar was natuurlik ander Boere wat ook by die Engelse aangesluit het. Maar daar was nie een vir wie ons soveel respek gehad het soos vir Leendert Roux nie.

Ons klompie burgers was gou weer aan die beweeg. By die uitgang, ná ons laatmiddag deur Krokodilpoort beweeg het, was Leendert Roux se plaasopstal sigbaar. Langs die dam was daar 'n akkertjie mielies wat Leendert se vrou die werkers gevra het om te verbou.

"Ons sal op Leendert Roux se plaas kampeer, en vanaand eet ons geroosterde mielies," het Apie Theron, ons veldkornet, opgemerk.

Die pad waarop ons gery het, het verby Leendert Roux se plaashuis geloop. Die geluid van ons perdepote het Leendert se vrou, Serfina, na die deur toe laat kom. Sy het in die deuropening gestaan en kyk terwyl ons verbygery het. Serfina was mooi, langer as die meeste vrouens, en slank. Jy kon sien hoe uitdrukkingloos haar oë was, en haar gesig was baie wit.

Dit was snaaks, het ek gedink terwyl ons verby die plaasopstal gery het, dat dit, om Serfina te sien, ons nie bitter teenoor haar gemaak het nie.

Jurie Bekker het gesê dat iets aan Serfina Roux hom aan Transvaal laat dink het. Hy het gesê dat hy nie geweet het wat dit was nie, maar die wind van die vroeë winter het haar rok om haar enkels laat wapper, en dit het hom daaraan laat dink.

Kobus Ferreira het toe gesê dat hy iets vir haar wou skree toe ons verby die deur gery het, om haar te laat weet hoe ons, wat besig was om tot die bitter einde te veg, in flenterklere, gevoel het oor die vrou van 'n verraaier.

"Maar sy het so stil daar gestaan," het Kobus Ferreira gesê. "Ek kon niks sê nie."

Toe het 'n opmerking van Jan Vermeulen ons daaraan herinner dat daar 'n oorlog aan die gang was. Hy het die meelsak wat hy aangehad het, uitgetrek en met 'n stuk baaldraad het hy die plekke waar die gate was, toegeryg. Hy het die meelsak herstel om dit te gebruik vir die doel waarvoor dit bestem was, en ek neem aan dat, as gevolg daarvan, sy mening ook verstandiger geword het.

"Net omdat Serfina pragtig is," het Jan Vermeulen gesê terwyl hy mielikoppe in die sak gegooi het, "moet ons nie vergeet wie sy is nie. Miskien is dit nie veilig vir ons om op hierdie plaas te kampeer nie. Sy is verseker in kontak met die Engelse. Sy mag hulle vertel waar ons is, veral nou dat ons haar mielies gevat het."

Maar ons veldkornet het gesê dat dit nie belangrik was as die Engelse geweet het waar ons was nie. Enigiemand in die omgewing kon gaan en ons posisie aan die Engelse rapporteer. Wat van belang was, was dat ons moet weet waar die Engelse was. En hy het ons daaraan herinner dat, wat dit betref, hy in twee jaar nog nooit 'n ernstige fout begaan het nie.

Teen sonder het die wind gaan lê, maar daar was 'n ysigheid in die lug. Ons het in die tamboekiegras aan die ver kant van Leendert Roux se plaas, kamp opgeslaan. En ek was bly, daar waar ek tussen komberse gelê het, om te dink dat dit die veldkornet en Jurie Bekker se beurt was om wag te staan.

In die verte het 'n jakkals gehuil. Toe was daar stilte. 'n Rukkie later is die stilte van die nag versteur deur harder veldgeluide. Hulle het ook nie van baie ver af gekom nie.

Dit was geluide wat Jurie Bekker gemaak het toe hy in die eerste plek oor 'n baken geval het, en daarna, toe hy sy opinie gegee het van Leendert Roux wat 'n baken in die middel van 'n klomp dubbeltjies gaan plaas het. My komberse het lekker warm gevoel, so oor my skouers getrek, toe ek aan daardie dubbeltjiedorings gedink het.

Toe Jurie Bekker Leendert Roux se naam genoem het, het ek, omdat ek jonk was, gedink aan die beeld van Serfina soos sy daar voor haar deur gestaan het.

Die droom wat ek daardie nag van Serfina Roux gehad het, was dat sy na my toe gekom het, lank en bekoorlik, langs 'n wit baken op haar man se plaas. Dit was daardie soort van droom wat jou bygebly het, waarin jy so half geweet het dat jy besig was om te droom. En sy was besonder mooi in my droom. En dit was asof haar hare so half los in die droom was en los in die wind gewaai het toe sy nader aan my gekom het. En ek het geweet wat sy my wou vertel. Maar ek was nie gretig om dit te hoor nie. Ek het geweet as Serfina dit gaan vertel, sou ek uit my droom wakker skrik. En op daardie oomblik, soos dit altyd in 'n droom gebeur, het Serfina gepraat.

"Opskud Kêrels!" het ek gehoor.

Maar dit was nie Serfina wat die opdrag gegee het nie. Dit was Apie Theron, ons veldkornet. Hy het by die kamp aangehardloop gekom met sy geweer in die hand. Serfina was weg, en binne 'n paar minute het ons ons perde opgesaal en was ons gereed om weg te galoppeer. Telkemale gedurende die afgelope paar jaar, het ons brandwagte ons só wakker gemaak wanneer 'n Engelse kolonne aan die kom was.

Ons was alreeds in die saal toe Apie Theron ons laat weet het wat aan die gang was. Hy het inligting gekry, het hy gesê, dat Leendert Roux daardie selfde nag nog, dit terug na sy huis toe gewaag het. As ons gou maak, mag ons hom in sy eie huis betrap. Die veldkornet het ons gewaarsku om geen kans te vat nie, en hy het ons daaraan herinner dat Leendert Roux, toe hy nog aan ons kant was, 'n vreeslose en vernuftige vegter was.

So het ons dus gedurende die nag op dieselde pad waarop ons daardie middag gekom het, teruggery. Ons het ons perde in 'n klomp bome naby die mielieland vasgemaak en begin om die huis te omsingel. Toe ons 'n figuur na die stal langs die huis sien hardloop, het ons besef dat Leendert Roux amper te vinnig vir ons was.

In die koue, ysige briesie wat net voor sonop begin waai het, het ons vir Leendert Roux by die staldeur verras. Maar toe hy geen weerstand gebied het nie, was dit amper asof Leendert Roux óns verras het. Leendert Roux se kalm aanvaarding van sy lot, was amper asof hy nie 'n verraaiër geword het nie, maar dat hy sy lewe gegee het vir Transvaal.

Leendert Roux het die veldkornet se vraag beantwoord deur te sê dat hy bly sal wees as ons Psalm 110 oor sy graf sou lees. Hy het ook gesê dat hy nie geblinddoek moes word nie. En hy het gevra om toegelaat te word om sy vrou te groet.

Serfina is laat haal. Langs die stal in die vroeë oggendbries, het Leendert en Serfina Roux, eggenoot en sy vrou, mekaar vaarwel toegeroep.

Toe Serfina weer omgedraai en teruggestap het op die voetpaadjie met die dubbeltjies, na haar plaashuis toe, het sy selfs skimagtiger gelyk as in my droom. Die son was net besig om op te kom. En ek het presies verstaan hoe reg Jurie Bekker was toe hy gesê het dat sy net soos Transvaal was, met die dagbreekbries wat haar rok om haar enkels laat fladder het en wat oor die gras gegolf het. En ek het onthou dat dit die Boervrouens was wat deurgedruk het toe hulle mans teruggedeins en gepraat het van omdraai, daar voor die kranse en steiltes van die Drakensberge.

Ek het ook daaraan gedink hoe vreemd dit was dat Serfina in die middel van die nag oorgeloopt het na ons kamp toe, net soos sy in my droom gedoen het. Maar waar my droom anders was, was dat sy kom vertel het, nie aan my nie, maar aan ons veldkornet, waar Leendert Roux hom bevind het.

